

SPIEËL STUDIE BYBEL

ROMANSE VAN DIE EEUE

mirrorWORD

GALASIERS

Vertaling deur Dr Anine Jordaan

Onderskrywing deur Desmond Tutu

Konstante werksproses uit die

oorspronklike teks vertaal

en geparafraseer in kontemporêre spraak

deur Francois du Toit

GALASIËRS VERTREKPUNT: GOD HET HOMSELF MET DIE MENS VERSOEN EN HOM MET DIE MENS VERBIND, VIR ALTYD

In hierdie ongelooflike boek, onderskryf Paulus die evangelie wat hy verkondig as sy eie, 'n gawe aan hom toevertrou deur die openbaring van Christus in hom.
Galasiërs 1:12 Hierdie boodskap is nie deur 'n mens uitgedink nie; my bron was nie my formele godsdienstige onderwys nie; ek het dit ontvang deur die openbaring van Jesus Christus in my.
Galasiërs 1:15-16 God se ewige liefdesdroom het my reeds van moederskoot af opsy gesit; sy genade het my identiteit geword. Dit is die hart van die evangelie wat ek verkondig; dit het begin met 'n onthulling van seunskap in my, wat my bevry het om dieselfde seunskap in die massas nie-Jode aan te kondig. Ek het geen onmiddellike dringendheid gevoel om notas te vergelyk met diegene wat vanuit 'n bloot historiese oogpunt met Christus vertroud was nie.
Paulus kontrasteer die nutteloosheid van die wet van werke en die lomp poging daarvan om menslike gedrag te verbeter met die wonderlike openbaring van die lewe van ons ontwerp wat in ons, in Christus, verlos is. Hy gebruik die woorde, wet, vlees en werke teenoor genade, gees en geloof om te verwys na die dinamiek van die sukses van die kruis.
Die belofte is vervul in die persoon van Christus; onthul in mense se lewens.
Galasiërs 3:21 Nee, die wet doen nie teenstand aan God se belofte nie; dit beklemtoon die desperate behoefte aan 'n Verlosser wat geregtigheid in die mensdom as hul bron van lewe onthul; iets wat die wet beslis onbekwaam was om te doen. Sou dit vir die mensdom moontlik wees om geregverdig te word deur die wet, sou die belofte onnodig wees.
Galasiërs 3:22 Die Skrif sê dat die hele mensdom sonder uitsondering in dieselfde penarie is; hulle is gevange aan sonde. Nou bring geloof die belofte van onmiddellike bevryding binne almal se bereik. Jesus Christus maak dit vir almal moontlik om te glo wat God van hul geregtigheid en herstelde onskuld glo.
Galasiërs 4:5 Jesus se mandaat was om die mensdom te red van die regime van die wet van prestasie en die openbaring van hul ware seunskap in God aan te kondig.
Galasiërs 4:6 Om ons seunskap te seël, het God die Gees van seunskap gestuur om die Abba-eggo in ons harte te laat resoneer; en nou, in ons innerlike wese, erken ons hom as ons ware en baie geliefde Vader.
Galasiërs 5:1 Christus definieer jou geloof; hy is jou vryheid van enigiets waarvan die wet jou nooit kan bevry nie. Vind jou vaste voet in hierdie vryheid. Moenie toelaat dat Godsdiens jou weer pootjie en harnas aan ’n stelsel van reëls en verpligtinge nie.
Galasiërs 5:6 Liefde bring geloof tot aksie. (Dit is maklik vir liefde om te glo.)

GALASIËRS HOOFSTUK 1

1:1 My naam is Paulus, my missie en boodskap benodig geensins enige teologiese opleiding of die borgskap, goedkeuring of akkreditasie van ’n godsdienstige instelling nie. My goedkeuring en opdrag kom direk van Jesus die Messias en God die Vader wie hom uit die dood uit opgewek het. *(Apostel, een wat gestuur word, gedring om ’n missie te vervul [2 Korinthiërs. 5:14, 20 en Romeine. 1:5] In plaas van ’n titel definieer apostelskap die dringende verlange en begeerte om die evangelie met haas te verkondig. Die openbaring van die opstanding is die dryfveer agter hierdie kommissie en ook die inspirasie vir die verkondiging van die evangelie. Paulus het die openbaring gekry dat die hele mensdom saam met Christus uit die dood uit opgestaan het en hy word gedryf deur ’n brandende begeerte om dit aan almal te verkondig. Hosea 6: en Efesiërs 2:5, 6.)*
1:2 Ek en my span medegelowiges hier in Rome rig hierdie brief aan al die kerke in Galasië.
1:3 Ons groet julle met die 1genade en 2vrede wat voortvloei uit die diep, intieme bewustheid dat God julle Vader is en Jesus Christus, die leidsman van die Christus belewing. *(Die twee woorde*
kenmerkende van Paulus se tradisionele groet is 1genade en 2vrede! Die woord, genade, χάρις 1charis, die goddelike invloed op die hart; dit wat plesier, vreugde, genot, soetigheid, bekoring en lieflikheid op die menslike hart uitoefen.
Dan, die woord 2eirēnē, beteken vrede, vanaf eirō, om aan mekaar te koppel, ’n samevoeging, om dit wat uitmekaar is weer een te maak; in kabinetmakery is die swaelstert binding die sterkste en mees onskeibare samevoeging van twee houtdele en feitlik onmoontlik om uitmekaar te trek of te skei. Vrede is ’n plek van ongehinderde en ononderbroke genot in mekaar se vriendskap, sonder die geringste greintjie skuld, suspisie, blaam of minderwaardigheid. (Sien 1 Korinthiërs 1:3)
1:4 Genade en vrede vind hulle verwysing in die feit dat Jesus homself as sondebok of skuldoffer vir ons sondes geoffer het en sodoende ons uit hierdie 1bose teenwoordige tyd en die gepaardgaande wettiese, godsdienstige en voorskriftelike wêreld wat ons verdruk en ons grondgebied gesteel het, uit- en weggepluk het. *Dit is presies wat die Vader in sy liefde nog altyd vir die ganse mensdom in gedagte gehad het. (Die woord, 1ponēros, beteken: vol moeite, swaarkry, moeilikhede en struikelblokke; die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad, ponēros. Die gevolg of vrug van hierdie boom is ’n ingesteldheid gebaseer op oordeel of prestasie. Dit staan lynreg teenoor en in skerp kontras met die onvoorwaardelike aanvaarding van elkeen se insluiting en ontskatbare waarde)*
1:5 Sy verheerlikte reputasie is tydloos; dit strek verby tye en seisoene. Ons salueer hom met ons amen. *(Niks wat godsdiens in enige konteks of tydvak kommunikeer kan eers naastenby met hom vergelyk nie.)*
1:6 Ek is heeltemal uit die veld geslaan dat julle so maklik mislei kon word deur die goeie nuus van die evangelie te verruil vir ’n foefie. *Die evangelie onthul die integriteit van die mens se oorspronklike identiteit gered en herstel in Christus. Die foefie is ’n konglomerasie van genade en wettisisme. Hierdie verwarrende mengsel is ’n bose, misleidende kookpot, ’n doen-dit-self resep tot selfredding. (Wat ’n perfekte resep vir ’n rampspoedige lewe!)*
1:7 Ten spyte van al die christelike produkte wat voortdurend bemark word, is daar slegs een evangelie, die ware goeie nuus boodskap. *Indien daar die geringste mikro hoeveelheid wettisisme of selfdoen betrokke is, is dit nie meer goeie nuus nie maar slegs valse, godsdienstige idees van mense wat die aandag van die vreugdevolle, Christus gesentreerde boodskap aflei. (Sommige wil julle gedagtes verwar deur die evangelie te besoedel met hulle eie opinies.)*
1:8 Selfs met die insette van ’n hemelse boodskapper diskwalifiseer ek en my medewerkers onsself tot dieselfde mate indien ons prediking tot die geringste mate afwyk van die voltooide werk van Christus.
1:9 Laat my toe om blatant duidelik te wees: enige boodskap wat nie die sukses van die kruis voorop stel nie is vals en produseer niks anders as die vloek nie.
1:10 (In skrille kontras met die tyd toe ek aanbevelingsbriewe van die outoritêre godsdienstige instellings van die dag benodig het om my missie te onderskryf) God self is nou my volledige

oortuiging. Ek rapporteer aan hom alleen en niemand anders nie. Ek is in Christus se diens; ek is verslaaf aan sy genade. Populêre godsdienstige opinies sal nooit my boodskap beïnvloed of afwater nie. *(Wat is die doel van ’n indrukwekkende CV as jou Maker nie eers daarvoor vra nie?)*
1:11 My liewe vriende; ek wil dit tot die uiterste beklemtoon dat wat ek verkondig nie wollerige spekulasie of die produk van filosofiese of godsdienstige debat is nie.
1:12 Dit is nie my eie uitvindsel nie en nog minder was ek lepeltjie vir lepeltjie gevoer deur menslike onderigsisteme; my enigste verwysingsbron is die onthulling van die geheimenis van Christus in my.
(Selfs al het ons Christus voorheen vanuit ’n menslike standpunt beskou, sien ons hom nou in ’n ander lig. 2 Korinthiërs 5:16.)
1:13 Almal weet ek was ’n fanatiese, begeesterde Jood wat die Ekklesia wreed vervolg het.
1:14 En dat ek bo my portuurgroep uitgestyg het met betrekking tot my breedvoerige begrip van die joodse geloof en my oormatige gretigheid om die tradisies van my voorvaders te bewaar.
1:15 Terwyl ek nog in my moederskoot was, het God se nimmer-eindigende 1liefdesdroom my alreeds opsy gesit; sy genade het my 2identiteit geword. *(Die woord, 1eudokeō, beteken sy lieflike, pragtige, wonderskone bedoeling, die “goed so/welgedaan!” opinie. [My moederskoot, my natuurlike herkoms en identiteit as nakomeling van die stam Benjamin.] Die woord, 2kaleō, verwys na die familienaam, om by die naam te roep.)*
1:16 Dit is die hart van die goeie nuus wat ek verkondig; dit het begin met die onthulling van sy Seun 1in my en het my vrye teuels gegee om dieselfde seunskap 2in die massas nie-Joodse mensdom te verkondig. Ek het geen dringendheid ervaar om notas te vergelyk met die wat slegs uit ’n historiese oogpunt bekend is met Christus nie. *(Paulus gebruik die werkwoord, αποκαλυψαι apokalupsai wat die Aoristiese Infinitief van apokaluptō is, om te ontbloot. Die Aoristiese Infinitief, dui op die voortydige voltooiing van ’n aksie ten opsigte van ’n punt in tyd. Griekse infinitiewe kan ’n teenwoordige of ’n aoristiese vorm hê. Die kontras tussen die twee wisselvorme het meer met aspek as met tyd te make. Die Teenwoordige Infinitief word gebruik om die progressiewe of imperfekte aspek uit te druk. Dit beeld die aksie wat deur die werkwoord uitgedruk word uit as progressief/volhoudend/aan die gang. Daarenteen druk die Aoristiese Infinitief nie die volhoudende/progressiewe aspek uit nie maar verteenwoordig die aksie wat deur die werkwoord uitgedruk word as ’n voltooide eenheid met begin en einde.*
Die Griekse teks is baie duidelik: Dit het die Vader behaag om sy Seun in my te onthul sodat ek hom in die nasies kan verkondig. Die woorde, ἐν ἐμοὶ en emoi, word vertaal as in my, en ἐν τοῖς ἔθνεσι en tois ethnesi vertaal as in die nasies, of in die massas nie-joodse nasies. Die gebruik van die datiewe vorm saam met die voorvoegsel en— en tois ethnesi [vanaf ethnos], beklemtoon nog meer die ligging “in”. Sommige vertalings vertaal die eerste deel van die sin korrek met: dit het die Vader behaag om sy Seun in my te onthul; maar in die res van die sin word dieselfde woord in die volgende lyn tragies in alle vertalings vertaal deur “onder die nasies”. Later, toe Barnabas gestuur was om die bekering van die Grieke in Handelinge 11 te gaan ondersoek, het hy, in plaas daarvan om aan Hoofkantoor in Jerusalem te rapporteer, dadelik eers vir Paulus gaan opspoor, wetende dat Paulus se boodskap die openbaring van die geheimenis van Christus in die nasies is [sien Kolossense 1:27].
Geen wonder dat dié gelowiges vir die eerste keer Christene of Christelike gesalfdes genoem was nie. Jesus Christus bevestig dat die seun van die mens die seun van God is. Moet geen ander man op aarde julle vader noem nie want ons almal het slegs een Vader in die hemel [Matthew 23:9]. In Handelinge 17 herinner Paulus die Griekse wysgere dat in Hom lewe, beweeg en kom ons wese (identiteit) tot uitdrukking; die mensdom is inderdaad God se nageslag. Met hierdie stelling haal hy in werklikheid die twee Griekse wysgere Epimedes 600 vC en Aratus 300 vC se eie geskrifte aan. Die onverganklike saad van seunskap is net so teenwoordig in elke mens as wat die saad reeds in die grond is, elkeen wagtend, selfs in woestynsand vir die reën om elkeen se inherente lewe te laat ontwaak en die vuur van lewe te laat ontvlam.

GALASIËRS HOOFSTUK 1

"Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter; so sal my Woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na my terugkeer nie, maar doen wat my behaag en voorspoedig wees tot alles waartoe Ek dit stuur. Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan" [Jesaja 55:8-11, 13]

In Mattheus 13:44, Jesus sê dat die koningryk van die hemele soos 'n skat is wat in 'n akker landbougrond begrawe is. Daar is baie meer tot die akker as wat op die oog af sigbaar is.

In 2 Korinthiërs 4:4, 7 verklaar Paulus dat ons hierdie skat soos kleipotte binne ons dra. Maar die god van hierdie wêreld het ons denke deur ongeloof verblind [om 'n leuen oor onsself te glo, Numeri 13:33] om ons te weerhou om die lig van die goeie nuus wat die heerlikheid van God in die gesig van Christus, wie die beeld van God is, soos in 'n spieël te sien. Wanneer Jesus van die sondaar praat, verwys hy na hom as die verlore skaap, muntstuk, of seun. [Lukas 15] Dit is onmoontlik om verlore te wees tensy jy voorheen iewers behoort het. Die verlore muntstuk behou nog steeds sy kenmerkende inskripsie en beeld, dit kan nooit verdwyn nie.

Hoe kan ons God prys en met dieselfde mond 'n persoon geskape na die beeld van God vervloek of slegmaak?

[Jakobus 3:9 en Lukas 20:20-26].Die mensdom het vergeet watter tipe mense hulle ontwerp van getuig; ons is die beeld en gelykenis draer van ons Maker; hierdie is presies wat Jesus gekom het om aan ons te onthul en te herstel.

Ons kan hom nou met onthulde gesigte kyk soos in 'n spieël en onmiddellik verander word [in ons begrip] na sy gelykenis. Van die heerlikheid [mening] van die vlees na die heerlikheid [mening] van God. Wettiese godsdiens het die sluier in plek gehou; die proklamasie van die bevrydende waarheid van die Goeie Nuus, verwyder die sluier. Die lelike eendjie het nie 'n gesig-ontrimpeling of lesse benodig om die valse swaan lewe te kon namaak nie. Dit was slegs nodig om die waarheid omtrent homself te weet om inderdaad vry te wees.

Johannes 14:20 In daardie dag sal jy weet dat ons in naatlose eenheid met mekaar is. Ek in my Vader, jy in my en Ek in jou. (Die inkarnasie verdeel nie die Drie-eenheid; nie die inkarnasie vier die verloste insluiting van die mensdom. Foto 4 sirkels met die een wat binne die ander pas - Die buitenste sirkel is die Vader, dan Jesus in die Vader, dan is ons in Jesus en die Heilige Gees in ons. Dit spel onafskeidbare, intieme eenheid. Let daarop dat dit nie ons wete is wat Jesus in die Vader plaas of ons in hulle of die Gees van Christus in ons nie. Ons wete laat ons eenvoudig ontwaak tot die realiteit van ons verloste eenheid. Goud word nie goud wanneer dit ontdek word nie, maar dit word beslis geldeenheid.)

1:17 Hierdie is radikaal. Ek het myself doelbewus van Jerusalem en die dissipels van Jesus gedistansieer en uiteindelik in Arabië opgeëindig voordat ek weer na Damaskus teruggekeer het. (Die gewig van hierdie openbaring het my geen keuse gelaat nie; in plaas daarvan om meer oor die geskiedkundige Christus uit te vind, wil ek hom meer in myself ontdek. 2 Korintiërs 5:16.)

1:18 Drie jaar later het ek dit gewaag om na Jerusalem toe uit te wyk, spesifiek om 1 Kefas te ontmoet. Ten einde laaste het ek twee weke by hom deurgebring. (*In 1 Aramees is die woord vir rots Kefas, en in Grieks is dit Petros . Hier noem Paulus Petrus, Kefas om die betekenis van sy naam te beklemtoon eerder as die bekende klank van Petrus. Jesus het gesê dat die openbaring van die mensdom se ware identiteit en oorsprong die rots fondament is van die Ekklesia, lit. oorspronklike identiteit van ek, die Voorsetsel wat oorsprong aandui en Kaleo, om 'n van te gee. [Mattheus 16:13-18; sien ook Jesaja 51:1; Deuteronomium 32:18; 1 Petrus 2:5 en 1 Konings 6:7.])*

1:19 Gedurende hierdie tyd het ek nie enige van die ander Apostels gesien nie behalwe Jakobus, die jonger broer van Jesus. *(Saulus [Paulus], Petrus [Kefas] en Jakobus deel 'n belangrike openbaring; al drie van hulle het hul oorspronklike identiteit ontdek buite hul natuurlike geboorte: Van nou ken ons niemand meer langer volgens die vlees nie, sê Paulus in 2 Korinthiërs 5:16. Simon seun van Jona, vlees en bloed het nie aan jou onthul dat as die seun van die mens, ek die Christus is, die Seun van God; nou dat jy weet wie ek is, laat my toe om jou aan jouself voor te stel.*

GALASIËRS HOOFSTUK 1

Ek sê jy is Mnr. Rots, ’n Skerf van die ou Blok. [Mattheus 16:17, 18] Jakobus praat van die effek van die Woord asof ons die weerkaatsing van die gesig van ons geboorte soos in ’n spieël daar ontdek. Kragtig reddend van ons vergeetagtigheid. Ons het vergeet watter soort mens ons is.
Gedurende die drie jaar van Jesus se bediening het nie een van sy broers in hom geglo nie. [Johannes 7:5] Maar in 1 Korinthiërs 15:7, noem Paulus spesifiek die feit dat Jesus na sy opstanding ook aan Jakobus verskyn het. Skielik dring dit tot Jakobus deur dat die Vader van lig geboorte aan die mensdom gegee het deur die ewige Woord van waarheid; die Woord wat vlees geword het en die mensdom se dood gesterf het en die mensdom tot ’n nuwe lewe deur sy opstanding weer opgerig het. As iemand hierdie woord hoor, sien hulle die gesig van hul geboorte soos in 'n spieël. Soos Petrus dit later stel: Ons is wedergebore toe Jesus uit die dood uit opgewek is [1 Petrus 1:3]. Die woord wat voor tyd bestaan het is ons genesis (oorsprong). Jakobus 1:17, 18, 23, 24.).
1:20 Ek skryf nie hierdie boodskap om julle in enigiets in te truuk nie; hierdie is regtig hoe ek begin het met die prediking van die evangelie.
1:21 Na my kort besoek aan Jerusalem, het ek gereis na die streke van Sirië en Silisië.
1:22 Geen van die Judese gemeenskappe in Christus, het my van aangesig tot aangesig geken nie.
1:23 Hulle het slegs gerugte gehoor van ’n hewige opponent wie hulle saak sterk teenstaangestaan het maar nou dieselfde Evangelie verkondig wat hy voorheen wou uitwis.1:24 Gevolglik het hulle God geprys vir wat hulle nou in my gesien het. *(Die werkwoord εδοξαζον is die Onvolmaakte Aktiewe van doksazō; dus om voort te gaan om God groot te maak en te verheerlik)*

GALASIËRS HOOFSTUK 2

2:1 Dit was veertien jaar na daardie eerste besoek dat ek op ’n spesiale missie na Jerusalem gegaan het en met opset Barnabas saam geneem het *(Titus was een van Paulus se eerste bekeerlinge in Griekeland. Onthou Barnabas was gestuur deur die hoofkwartier in Jerusalem om die gerug van Griekse bekeerlinge te ondersoek maar eerder as om terug te keer na Jerusalem en terugvoer te gee aan die senior Apostels, het hy Paulus gaan haal omdat hy bewus was van sy gawe as leerder en sy openbaring van die geheimenis van Christus in elkeen. Kolossense 1:26 en Handelinge 11:25,26.)*
2:2 Ek wou veral die senior leierskap van die ekklesia-kerk laat luister wat ek aan die heidense nasies verkondig met betrekking tot my openbaring en spesifieke klem van my Evangelie. Ons het besluit om privaat te ontmoet om sodoende enige openbare kontroversie te vermy. Sodoende kon hulle vir hulself oordeel of, volgens hulle mening, my bediening geloofwaardig is of nie.
2:3 Ons Griekse metgesel, Titus, het die besnydenis ondersoek oorleef en was nie gedwing om onder die mes te gaan nie.
2:4 Sommige vermomde Joodse vriende het in die geheim ingesluip om op ons te spioeneer, gretig om te weet of hy besny was. Ons vryheid in Christus het hulle aanstoot gegee; hierdie spioene het een agenda gehad; om ons te bind aan hulle wettiese slawerny.
2:5 Ons wil hê julle moet weet dat ons uitverkoop is om ter wille van julle nie die Evangelie af te water nie; as ons die boodskap in die geringste mate in die gedrang kom om hulle mening te akkommodeer, sou, die hele Heidense wêreld bedrieg gevoel het. Ons sien ’n blink toekoms vir die suiwer evangelie in julle.
2:6 Die senior leierskap het niks gehad om aan my boodskap toe te voeg nie. Ek moet sê hulle senioriteit het my nie in die minste geïntimideer nie. God oordeel nie mense volgens die uiterlike nie. *(Die belangrikes en die onbelangrikes is ewe gewaardeer en geliefd deur hom. 2 Korinthiërs 5:14, 16.)*
2:7 Uit wat ek met hulle gedeel het, het hulle die akkuraatheid van my boodskap bevestig en gevoel dat terwyl Petrus se bediening meer op die Jode gerig was, myne pasgemaak was vir die nie-Joodse wêreld.
2:8 Daarmee het hulle erken dat soveel as wat Petrus se bediening deur God goedgekeur en bekragtig was om aan die Jode te verkondig, was my opdrag om die Heidene te evangeliseer.
2:9 Die sogenaamde pilare van die Ekklesia, James [die Here se broer. Galasiërs 1:19], Kefas, en Johannes het my gawe vir die openbaring van die genadeboodskap erken en hulle seën na my werk uitgebrei deur my die regterhand van gemeenskap te gee. Terwyl hulle gekonsentreer het op die bekering van die Jode, was ek erken as die een met ’n boodskap vir die Heidene.
2:10 Hulle enigste versoek was dat ons iets aan die armes onder hulle gee, iets wat ons graag wou doen aangesien ons voorbereid met geskenke gekom het. (Handelinge 11:29, 30.)
2:11 Maar Kefas daarenteen, toe hy Antiogië besoek het moes ek hom berispe vir sy skynheiligheid.
2:12 Sy gemeenskap met die Grieks gelowiges het so opreg gelyk, hy het selfs saam met hulle geëet totdat Jakobus se groep van Jerusalem daar aangekom het. Skielik het sy lojaliteit aan die wet sy ware kleure gewys. Sy valse voorwendsel was ’n verleentheid.
2:13 As gevolg van sy senior posisie, was die ander Joodse gelowiges saam meegesleur deur sy skynheiligheid; hulle het selfs vir Barnabas verlei. Wat ’n skande.
2:14 Hulle interpretasie van die Evangelie is duidelik verwronge. Ek het Petrus in die openbaar gekonfronteer oor sy skynheiligheid. Agter jou kollegas se rug gee jy voor om soos ’n Heiden te leef, kompleet asof jou Joodse gebruike nie meer vir jou relevant is nie maar nou skielik lê jy verouderde Joodse reëls neer op die Heiden gelowiges, net om jou Joodse vriende te beïndruk.
2:15 Sonde is nie ’n onderskeier van persoon nie. Sonde is sonde of jy ’n Jood of Heiden is.
2:16 Ons Jode is die eerstes wat behoort te weet dat geregtigheid nie ’n beloning is vir goeie gedrag gemeet aan die vereistes van die Wet nie. Vir generasies het ons onder die stelsel van persoonlike prestasie gestreef na geregtigheid maar klaaglik misluk. Jesus Christus

GALASIËRS HOOFSTUK 2

verpersoonlik 1God se geloof aangaande die mensdom se verloste geregtigheid; hierdie is die enigste geldige basis vir ons geloof. Ons beste bedoelinge om goed te doen voeg geensins gewig by tot ons geregtigheid nie. Ons het geen voordeel bo enige ander persoon nie. Jood en Heiden was ewe veel gediskwalifiseer deur die wet; nou is ons ewe veel geregverdig as gevolg van Jesus en vir geen ander rede nie. *(Paulus gebruik die 1objektiewe Genitief - geloof van. Hy is die skrywer en voltooier van geloof; hy is beide die oorsprong en gevolgtrekking van geloof [Hebreërs. 12:2]; van geloof tot geloof [Romeine 1:17]. Dit is God se oorreding in die verdienste van sy Seun se prestasie wat geloof in die mensdom wakker maak. Romeine 4:25.)*

2:17 Hoewel, indien in ons soeke om geregtigheid deur geloof in Christus se werk te vind, ons ervaar dat dit steeds moontlik is om te struikel; moenie weer die etiket van sondaar aan jouself plak nie. Die feit dat jy gesondig het kanselleer nie die kruis van Christus nie en verskaf geen rede om regverdiging deur geloof te laat vaar asof Christus te blameer is vir jou afleiding. Dit sou absurd wees. *(Nou ewe skielik wil jy weer die wet onderhou deur verder toe te voeg aan jou geregtigheid asof Christus nie genoeg bereik het nie. Moenie dat jou ervaring jou bedrieg om 'n nuwe lering uit te vind nie.)*

2:18 Slegs 'n kulkunstenaar sal probeer om terselfdertyd 'n wettiese en 'n genadevolle mens te wees.

2:19 Die wet het my dood 1vereis; genade openbaar dat in God se gedagtes Jesus my dood gesterf het. Sover dit die wet betref is ek dood maar wat God betref lewe ek. *(Die woord 1dia beteken as gevolg van; wat hier aandui dat dit die wet was wat my dood vereis het. Maar in die geheimenis van God se genialiteit, het Jesus die mensdom se dood gesterf; wat beteken, volgens God se geloof, het ek gesterf tot die ou stelsel wat hom met my eie goeie gedrag probeer tevrede stel het. Ons kan dit net sowel erken. Ons mees opregte oortuigings sowel as ons beste pogings om 'n geregtigheid gebaseer op ons wat ten alle tye tien uit tien kry, het misluk. Daar is geen ander manier om dit te omseil nie. Sien Romeine hoofstuk 7 in die Spieël Bybel.)*

2:20 So hier is ek nou: terselfdertyd dood en lewendig. Ek is dood vir die ou self wat ek probeer het om te wees en lewendig vir die werklike self wat niks anders is nie as Christus in my. Mede-gekruisig, nou mede-opgestaan. Wat 'n heerlike verstrengeling. Ek was in hom in sy dood; nou ontdek ek dat hy in my verweef is, in my lewe. Vir die eerste keer is ek vry om myself in my vel te wees, gedompel in sy geloof in ons gesamentlike seunskap. Hy het my lief en glo in my. Hy is God se geskenk aan my. *(Die werkwoord συνεσταυρωμαι sunestaurōmai van sustauroō, is in die Teenwoordige tyd, wat aandui dat ek nie net in die verlede saam met Christus gekruisig was nie, maar ek bestaan nou in daardie huidige toestand. Hoe kan enige menslike poging op hierdie verbeter. Sien Hosea 6:2 en Efesiërs 2:5 ook Romeine 7:6 Maar nou is ons ten volle bevry van enige verdere assosiasie met 'n lewe gerig deur die oppergesag van die wet, ons is dood vir dit wat ons eens gevange gehou het, vry om slawe te wees van die nuwigheid van gees-spontaniteit eerder as om eeu- oue godsdienstige rituele, die blote uiterlike gesigwaarde van die geskrewe kode na te navolg. Die oomblik wat ons spontaneïteit vir reëls verruil verloor romanse sy sprankeling.)*

2:21 Dit is 'n belediging vir die genade van God om Moses bo Jesus te verkies. As die wet regverdig kon maak dan het Jesus sy tyd gemors om ons dood te sterf. *(Dit sal redding verminder tot 'n belaglike stryd tussen jou gehoorsaamheid en die gehoorsaamheid van Christus. Romeine 5:19.)*

Notas oor Galasiërs 2:20

Sien 1 Tessalonisense 5:10 Die feit dat hy ons dood gesterf het is ewe geldig vir diegene wat ontwaak het tot die effek daarvan of nog vas aan die slaap is in hul onverskilligheid; ons is bestem om saam te leef, verweef in die 1naaste moontlike eenheid met hom.

(Die woord 1 hama is 'n partikel van eenheid wat die nouste moontlike assosiasie aandui.)

Ook Efesiërs 4:21 1 Waarheid is gedefinieer in Jesus. Dit is nie moontlik om hom in enige ander konteks te bestudeer nie; hy is die inkarnasie; hoor hom resoneer binne jou. Die waarheid oor jou vind sy uiteindelike verwysing in Jesus.

(Lit. 1 Die waarheid, soos dit is in Jesus. Sien 1 Johannes 2:7,8 , Wat dit ook al waar is van hom, is net so waar van jou. Hy het nie gekom om 'n nuwe stel aangepaste reëls in te stel nie; hy is nie 'n voorbeeld vir ons nie, maar van ons.)

Efesiërs 4:22 Want in die waarheid van jou eenheid in hom [in sy dood en opstanding], 1 is jy gestroop van jou ou identiteit soos 'n vuil verslete kledingstuk. Onkunde en wellus [v18] het jou mismaak en bedrieg om dit in die eerste plek te dra.

GALASIËRS HOOFSTUK 2

(Die werkwoord, αποθεσθαι 1apothesthai, is die Aoristiese Middel Infinitief wat die aksie aandui soos uitgedruk deur die werkwoord as ’n voltooide eenheid met ’n begin en einde. Net soos ’n akteur ’n mantel dra vir ’n spesifieke rol wat hy moet interpreteer; is die vals identiteit nee meer langer relevant nie. Sien Kolossense 3:1-3,9. Kolossense 3:9 Daardie ou lewe was ’n leuen, vreemd tot die kern van ons ontwerp. Die dekmantel van verbloeming is nou deeglik van ons afgestroop in ons begrip van ons eenheid met Christus in sy dood en opstanding. Ons is nie meer langer verplig om te leef onder die identiteit en heerskappy van die dekmantels wat ons voorheen gedra het nie, en ons bedrieg ook niemand meer deur enige vals pretensies nie. [Die kledingstukke wat ’n akteur sou dra definieer sy rol in die toneelspel maar definieer nie homself nie.])
Efesiërs 4:23 Sodoende word 1jy gereeld hernuwe in jou innerlike verstand. Dit sal veroorsaak dat jou denke oor jouself heeltemal herlaai word.
(Bepeins die waarheid omtrent jouself, soos wat dit in Christus ten toon gestel word; begin met die feit van jou mede-sitting. Jy kan nooit meer mede-opgewek en mede-verhoog wees as wat jy reeds is nie. [Efesiërs 2:5,6] Jy kan slegs groei in jou bewustheid van jou verloste eenheid met Christus. Let daarop dat Paulus nie sê dat ons ons gedagtes moet hernuwe nie. Maar, om gereeld hernuwe te word... Hy gebruik die Teenwoordige Passiewe Infinitief ανανεουσθαι.
1 ananeosthai , van ana , opwaarts [deur die instelling van jou gedagtes op die dinge daarbo waar jy saam met Christus sit] en νεώτερο neoteros , opgeknap; hernu. Griekse Infinitiewe kan ’n Teenwoordige of ’n Aoristiese vorm hê. Die kontras tussen die twee vorms het meer te doen met aspek as met tyd. Die Teenwoordige Infinitief word gebruik om progressiewe of imperfektiewe aspek uit te druk. Dit stel die aksie uitgespreek deur die werkwoord voor as in wording. Die Aoristiese Infinitief daarenteen druk nie progressiewe aspek uit nie. Dit stel die aksie uitgespreek deur die werkwoord as ’n voltooide eenheid met ’n begin en einde.
Hierdie transformasie gebeur in die gees van jou verstand, ontwaak deur die waarheid op ’n baie dieper vlak as ’n blote intellektuele of akademiese instemming. Ons het altyd gedink dat ons inligting van die kop na die hart moet laat val maar dit is andersom.
Jesus sê in Johannes 7:37, Wanneer jy glo dat die Skrif alles oor my gaan dan sal jy ontdek dat Ek alles oor jou gaan, en riviere van lewende waters sal uit jou binneste stroom. Die gees van die mensdom was nooit besmet nie; nes die watermerk in ’n papiernoot.
Die verlore muntstuk het nooit sy oorspronklike inskripsie en beeld
verloor nie [sien ook Jakobus 3:9]; dit was ons verstand wat deur duisternis versluier was; ons was verduister in ons begrip. Ons gedagtes was gereduseer tot die heerskappy van die siel as ons enigste verwysingsraamwerk en sodoende het ons onsself en ander bloot na die vlees geken. Jesaja 55:8-13 Daar is niks verkeerd met ons ontwerp of ons verlossing nie; ons het verkeerd gedink. Vir ons gedagtes om gered te word van die heerskappy van duisternis het Jesus as die vleesgeworde beeld en gelykenis van God, in ons donkerste helse nagmerries ingegaan, ons wreedste oordeel en vrese in die gesig gestaar, en ons dood gesterf.
Hierdie is die geheimenis wat vir eeue en generasies verborge was, bestem vir ons verheerliking. Ons mede-gekruisig was/is om absolute afsluiting te ervaar van elke valse verwysingsraamwerk wat ons oor onsself gehad het as gevolg van Adam se val. En terwyl ons dood was in ons sondes en oortredings, het God ons saam met Christus lewend gemaak, ons mede-verhoog, en saam laat sit in Christus. Nou, met onthulde gesigte mag ons die heerlikheid van die Here aanskou soos in ’n spieël.

GALASIËRS HOOFSTUK 2

En radikaal transformeer word in ons denke sodat ons sy beeld en gelykenis, ten volle verlos in ons, kan herontdek.
Efesiërs 4:24 1Bly ten volle 2gedompel in hierdie God-omvormde nuwe persoon van bo. Jy is geskep na die beeld en gelykenis van God. Dit is waaroor geregtigheid en ware heiligheid eintlik gaan.
(Die koppel partikel 1 kai , soos in καὶ ἐνδύσασθαι laat die gedagte uitgespreek in die vorige 3 sinne opeenvolg. Dan, die werkwoord, ενδυσασθαι endusasthai [soos in vers 22], is die Aoristiese Middel Infinitief wat die aksie uitgespreek deur die werkwoord as ’n voltooide eenheid met begin en einde uitdruk.)
Ook Lukas 9:24 Enige poging om die self van jou eie skepping ongeskonde te hou, is ’n verlore saak. Om jouself in my te verloor, is om te besef dat Ek die bron is van wie jy is in my ontwerp van jou. Dit is jou reddende genade.
[Sien my notas oor Lukas 24:49, jou kleredragkode.]

GALASIËRS HOOFSTUK 3

3:1 O, Galasiërs, Galasiërs! Het julle jul gesonde verstand heeltemal verloor? Kan julle nie sien hoe die wet julle betower het en julle visie vervaag het om die openbaring van wat die kruis van Christus in julle bereik het te verdraai nie? Dit was so duidelik in die Skrif voorspel. Hoe kan julle nie deur die waarheid oortuig word nie? *(Hy het nie as individu gesterf nie, hy het jou dood gesterf. Jesaja 53:4, 5.)*
3:2 Redeneer asseblief met my oor hierdie een kwessie; op grond van watter basis het julle die Heilige Gees ontvang? Praat ons hier van geskenk of beloning? Wat soort boodskap laat geloof opvlam? Watter veroordeelde sondaar en mislukking jy is soos openbaar deur die wet, of wat God glo aangaande die waarheid oor jou soos geopenbaar in die Evangelie? Laat ons nie Wet met Genade verwar nie.
3:3 Kan julle sien hoe dom dit sou wees om in die Gees te begin *(deur te glo in die sukses van die kruis)* en dan vir een of ander mal rede van modus te verander, terug na DDS toe. Asof jou eie werke enigiets kan byvoeg tot wat God reeds deur Christus gedoen het. *([DDS - Doen Dit Self.]* **Dit sou grens aan selfdood. Dit is soos om doelbewus uit 'n boot te spring en deur die oseaan te swem. Daar is twee bome: die DDS boom en die Lewe boom. Hulle verteenwoordig twee wette of stelsels: Die wet van werke en die wet van geloof; die een verteenwoordig wat jy moet doen sodat jy kan word; die ander boom onthul wie jy is deur jou ontwerp en wat Christus vir jou gedoen het. As gevolg van die Golgota-boom is ons vry om te wees.** *(Gees = geloof; vlees = werke.)*
3:4 Onthou hoe julle gevoel het toe julle vir die eerste keer geloof ervaar het; is julle bereid om dit te verruil vir godsdienstige sentiment? Al die grondgebied wat julle gewen het sal verlore wees. *(Die wet voltooi nie geloof nie maar kanselleer dit.)*
3:5 Sou julle wat julle van God ontvang het toeskryf aan iets wat julle gedoen het of iets wat julle gehoor het? Het God julle beloon vir julle hoë morele standaarde toe hy buitensporige wonderwerke in julle gedoen het en oordadig sy Gees op julle uitgegiet het; of het dit miskien enigiets te doen met die inhoud van die openbaring van die boodskap van genade wat julle gehoor het? Geloof is die bron van God se aksie namens die mensdom; ons gehoor is die kanaal van wat God se geloof openbaar.
3:6 Abraham kon nie enige geregtigheid aan homself toeskryf nie maar het eenvoudig geglo wat God aangaande hom verklaar het. Isak bevestig God se geloof, nie Abraham se pogings nie. Dit is al wat ons met Abraham in gemeen het. *(Regverdigheid onthul God se geloof as verantwoordelik vir die mensdom se verlossing; 'n direkte teenpool van ons eie vermoë om regverdig te wees.)*
3:7 Die gevolgtrekking is duidelik; geloof en nie die vlees nie is die verwantskap wat ons met Abraham het. *(Genade, eerder as wet is ons ware herkoms. Ismael verteenwoordig baie meer as net die Moslem godsdiens. Ismael verteenwoordig die lomp poging van die vlees om te kompeteer met geloof; die prediking van 'n gemengde boodskap van wet en genade.)*
3:8 In die Skrif is dit profeties opgeteken dat die massa nie-Joodse nasies deur geloof geregverdig sal word en nie deur hulle eie vermoëns nie. Die aankondiging deur God oor Abraham gee 'n voorsmaak van die evangelie. God het gesien dat alle nasies ingesluit was in dieselfde geloofsbeginsel waarvan Abraham die baanbreker was. In jou is al die nasies van die aarde ewe veel verteenwoordig binne die seën van geloof. *([Genesis 22:17] Ek sal jou inderdaad seën en jou saad sal Ek vermenigvuldig soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see. En jou saad sal die hekke van hulle vyande beleër, Genesis 22:18 en deur jou saad sal alle nasies van die aarde hulself seën. Geregtigheid deur geloof is die openbaring van die evangelie; [Romeine 1:17 en Habakuk 2:4] die regverdiges sal leef deur (God se) geloof. Geregtigheid deur God se geloof definieer jou lewe.)*
3:9 Net soos Abraham vind ons ons bron in die seën van geloof.
3:10 In skrille kontras tot geloof, is die wet die gesag van die vloek. Soos dit geskryf is, Almal wat misluk om die gedetailleerde vereistes van die wet selfs in die minste uit te voer, is veroordeel. (Deuteronomium 27:26.)

GALASIËRS HOOFSTUK 3

3:11 Habakuk bevestig onomwonde dat geregtigheid deur God se geloof die enigste basis is van lewe; dit beëindig enige moontlike regverdigmaking voor God gebaseer op morele gedrag. (Habakuk 2:4, 3:17-19.)
3:12 Wet en geloof het niks in gemeen nie. Wet meet ’n persoon se werk en ervaring as definisie van hul lewe. *(Geloof meet God se werk deur die verlossing van sy ontwerp in ons, as die definisie van ons lewens.)*
3:13 Christus het ons verlos van die vloek as gevolg van ons mislukking om die wet te onderhou. Deur sy kruisdood konsentreer hy die totale vloek van die mensdom op homself. Deur homself aan die dood oor te gee, absorbeer en ontbind hy die gruwel van die vloek in sy eie persoon. Die skrif verklaar dat enigiemand wat aan ’n boom hang, die vloek verpersoonlik (Deuteronomium 21:23.)
3:14 Hierdie daad van Christus het 1die seën van Abraham op die 2Heidene los gelaat. Nou is ons vry om 1die seën van die Gees. *(1Geregtigheid deur God se geloof deur die prestasie van Christus, en nie as beloning vir ons gedrag nie. Deur die gehoorsaamheid van Christus is Deuteronomium 28 nie meer van toepassing. [Romeine 5:19, Efesiërs 1:3] 2 Die massa nie-Joodse nasies.)*
3:15 Ons is bekend met die feit dat in die geval van ’n burgerlike saak, ’n testament wat reeds onderskryf is, gesaghebbende is en dit kan nie op ’n later stadium mee gepeuter word nie.
3:16 Dit is aangeteken dat die belofte [van die seën van geregtigheid deur God se geloof] gemaak aan Abraham en aan sy saad, enkelvoud, [dus uitsluitend sy poging om Ismael te produseer.] Isak, die kind van belofte, en nie van die vlees, die Messias weerspieël.
3:17 Hier is my redenasie: God het die verbond van belofte in Christus 430 jaar voor die wet gegee was, reeds onderskryf. Die wet het nie later die belofte vervang nie. *(God se geloof, soos vergestalt in Christus, is die enigste basis vir die mensdom se vryspraak en kon nooit vervang word deur hul eie vermoë om hulself te regverdig nie. Sien Romeine 4:25.)*
3:18 Die wet en die belofte is nie versoenbaar nie; die een stelsel kanselleer die ander. God gee Abraham 'n erfgenaam deur die belofte *(en nie as beloning vir sy gedrag nie.)*
3:19 So wat was die funksie van die wet dan? Die wet het jou ’n 1guns gedoen deurdat dit 2geposisioneer was as 3spieëlmetende maatstaf, ’n tussentydse reëling om mense bewus te maak van die omvang van hulle ongesinchroniseerdheid met die lewe van hulle ontwerp en terselfdertyd hulle stuur na die belofte van ’n Verlosser, die Messiaanse saad. Die wet was deur hemelse boodskappers aan Moses gegee. *(Paulus gebruik die woord 1charin hier - God het ons met die wet geseën as ’n spieël- herinnering aan ons oorspronklike identiteit. Die woord, 2prostithēmi beteken om geposisioneer te word in die gesig van; soos 'n spieël. Die woord 3parabasis stel 'n standaard/maatstaf voor; van para, naby, nabyheid en basis, voetspoor; dus volgens die standaard reël het die mensdom se ongesinchroniseerdheid met hul oorspronklike stellings voor die hand liggend geraak.)*
3:20 Met Abraham was daar geen middelman; dit was slegs God. *(Die Mosaïese wet het die taal van ’n gevalle gedagtegang gepraat en het bemiddelaars benodig - die Levitiese priesterdom - want dit was ’n reëling waardeur die mensdom ’n deel gehad het en God 'n deel gehad het. God se verbond met Abraham was ’n genadeverbond wat na die mens Jesus Christus gewys het, in wie God self die mensdom se deel vervul het en daarom geen bemiddelaar behalwe homself benodig het nie. Sien Hebreërs 6:17*
In die inkarnasie vervul Jesus beide die huweliksaanbod en die Ja. Melissa Perez)
3:21 Nee, die wet is nie teen God se belofte nie; dit beklemtoon die desperate behoefte vir ’n Verlosser om geregtigheid as lewensbron in die mensdom los te laat; iets waartoe die wet beslis nie in staat sou wees nie. Indien dit vir ’n persoon moontlik sou wees om deur die wet geregverdig te word, sou die belofte onnodig wees. *(Want indien enige vorm van reëlhouding in staat was om lewe in ons te skep, sou ons beslis teen hierdie tyd dit al reggekry het. — The Message.*

GALASIËRS HOOFSTUK 3

Romeine 5:6 God se tydsberekening was absoluut perfek; die mensdom was op hul swakste toe Christus ons dood gesterf het — ons was bankrot in ons pogings om onsself te red.)
3:22 Die Skrif kom tot die gevolgtrekking dat alle mense, sonder uitsondering, in die dieselfde penarie is; gevange geneem deur sonde; nou bring geloof die belofte van onmiddellike vrylating binne almal se bereik. Jesus Christus maak dit moontlik vir almal om te glo wat God glo aangaande hulle geregtigheid en herstelde onskuld. *(Jesus is die beliggaming van God se geloof in die mensdom. Die geregtigheid van God word nou op so'n wyse vertoon dat almal kan glo, ongeag van wie hulle is, daar is geen onderskeid. Dieselfde massa van die mensdom wat voorheen deur hulle sonde verneder was tot'n minderwaardige identiteit, is nou vrygespreek op grond van die losprys betaal deur Jesus Christus vir almal se bevryding. [Romeine 3:22- 24])*
3:23 Ons was beperk tot die wet, in aanhouding gehou deur die inperkende invloed daarvan totdat die openbaring van geloof tot ons redding gekom het.
3:24 Die wet was soos 'n slaaf wat aangestel was om die voog van sy meester se kinders te wees, totdat hulle oud genoeg sou wees om na die regte skool van Christus te gaan en daar in geloof hulle geregtigheid geopenbaar en goedgekeur te vind.
3:25 Noudat ons by ons bestemming aangekom het, is die profetiese padtekens en wysers van geen verdere nut nie. Geloof het die Bewaarder vervang. Nou dat geloof gekom het, is die wet nie meer langer relevant nie.
3:26 Wat Jesus Christus glo om waar te wees oor jou, is die finale bevestiging van die mensdom se verlosde seunskap. Sy geloof is die enigste geldige verwysingspunt tot jou geloofsoortuiging.
3:27 Om in Christus gedompel te wees, is om ten volle met hom geklee te wees. Hy is jou splinternuwe klerekas wat jou seunskap
bevestig. (*Van nou af dra ons nie meer doeke nie. Ons eie geregtigheid, gemeet aan ons pogings om die wet te onderhou, is soos vuil lappe. Jesaja 64:6.)*
3:28 Niks vergelyk meer met jou vorige identiteit as Jood of Heiden, slaaf of vry, man of vrou, Billabong of Gucci, nou word ons almal gedefinieer as een saam met Christus. Hy is jou betekenis en maak jou pragtig. *(Galasiërs 3:28 In Hom verdwyn die onderskeid tussen Jood en heiden, slaaf en vry, man, manlik en vroulik; julle is almal een in Christus Jesus. Weymouth Vertaling)*
3:29 Aangesien Christus die saad van die belofte is, is dit net in ons besef van ons eenheid met hom [in die inkarnasie] dat ons mede verwant aan Abraham en erfgename van die belofte is. Geloof en nie vlees nie is die verwantskap met Abraham. *(Ons erf sy geregtigheid deur dieselfde geloof.*

GALASIËRS HOOFSTUK 4

4:1 Suigeling erfgename het nie meer sê as 'n slaaf nie, al besit hulle reeds alles. *(Die beste transaksie wat die wet moontlik kon bemiddel, het die mensdom se slawerny aan sonde bevestig.)*
4:2 Hulle bly onder huishoudelike toesig en huisreëls totdat die promosiedatum na seunskap status soos bepaal deur die Vader aanbreek.
4:3 Hierdie is presies hoe dit met ons was; ons was ontvoer asof nog steeds in ons kinderskoene en ingeperk gehou in daardie gevange toestand deur die wet. *('n minderwaardige selfingesteldheid as gevolg van Adam se val.)*
4:4 Maar toe het die dag aangebreek; die mees volledige hoogtepunt van alle tye. *(Alles voorspel was afgehandel in Christus.)* **Die Seun het gekom in opdrag van die Vader; sy wettige paspoort na die planeet was sy ma se baarmoeder. In 'n menslike liggaam presies soos ons sin het hy sy lewe geleef onderhewig aan dieselfde soeklig van die wet.**
4:5 Sy mandaat was om die mensdom te red van die regime van die wet van prestasie en om die openbaring van hulle ware seunskap in God aan te kondig. *(Nou kan ons ons egte bestaanstaat wat niks anders as seunskap behels nie, weer besef. [Johannes 1:12; sien Johannes 1:11-14]. Dit was nie asof hy op 'n vreemde planeet aangekom het nie, Hy het na sy eie gekom, maar sy eie het hom nie herken nie. [Psalm 24:1] Maar aan almal wat oortuig is van hulle deelgenootskap in hom, oortuig dat hy hulle oorspronklike lewe is, in hulle bevestig hy dat ons sy oorspronklike nageslag is. Hulle is dié wie hulle genesis in God ontdek, vêr verhewe bokant hulle natuurlike konsepsie. Die mens het in God begin. Ons is nie die uitvinding van ons ouers nie. Skielik neem die onsigbare ewige Woord sigbare vorm aan. Die Inkarnasie. In hom, in ons. Die mees akkurate tasbare vertoon van God se ewige gedagtes vind uitdrukking in die menslike lewe. Die Woord het mens geword; ons is sy adres; hy woon in ons. Hy boei ons blik. Die heerlikheid wat ons daar sien is nie 'n godsdienstige replika nie; hy is die outentieke monogenes alleenlik uit God gebore. In Hom erken ons ons ware begin. Die Glorie wat Adam verloor het keer terug. In volheid. Slegs genade kan die waarheid in so 'n volledige konteks kommunikeer.)*
4:6 Om ons seunskap te seël het God die Gees van seunskap gestuur om die Abba eggo in ons harte te laat resoneer; en nou, in ons binneste herken ons hom as ons ware en baie geliefde Vader. *(Die oorspronklike lewe van die Vader geopenbaarin sy Seun is dielewe wat die Gees nou binne onslei. [Romeine 8:14] Slawerny is ’n karige plaasvervanger vir seunskap. Hulle is teenoorgesteldes; die een lei dwingend deur vrees; seunskap reageer liefdevol op Abba Vader. [Romeine 8:15] Sy Gees resoneer binne ons gees en bevestig die feit dat ons in God ontstaan het. [Romeine 8:16] Omdat ons sy nageslag is, kwalifiseer ons as erfgename van Hom, God self is ons erfdeel, ons is mede-erfgename saam met Christus. Romeine 8:17.)*
4:7 Kan jy sien hoe dwaas dit sou wees vir ’n seun om voort te gaan om sy lewe te leef met ’n slaaf mentaliteit? Seunskap kwalifiseer jou vir onmiddellik deelname aan al die rykdom van God se erfenis wat joune is as gevolg van Christus. *(Wettisisme in al sy monderings verbloem en weerspreek seunskap. Seunskap is nie te koop nie.)*
4:8 Wat my regtig verstom is hoe liggelowiges julle Heiden gelowiges is om julleself weer te verstrengel in onderdrukkende Joodse rituele. bedoel julle weet alles van julle VC-dae van slawerny aan
denkbeeldige gode onderhewig aan julle heidense oortuigings.
4:9 Intussen het julle die werklike God leer ken; [heeltemal anders as die god van julle verbeelding] wat die belangrikste is, is om dit te ontdek dat hy jou nog altyd geken het. Immers, hoe kon julle moontlik weer aangetrokke voel tot die patetiese beginsels van godsdienstige misleiding? Dit maak nie saak in watter verbloeming wettisisme kom nie, heidens of Joods, dit bring dieselfde slawerny.
4:10 Ewe skielik is daar spesiale dae, maande, seisoene, en jaarlikse feestelikhede wat nougeset gevier word; dit is niks meer as bygelowige godsdienstige sentiment nie.
4:11 Ek is bekommerd dat dit voorkom asof ek al my passie op julle vermors het.

GALASIËRS HOOFSTUK 4

4:12 Ek dring daarop aan om my na te volg [in my oortuiging oor die feit dat Joodse gebruike en hul skadusentimente verouderd is.]. Ons is in presies dieselfde boot, dit gaan regtig nie omtrent myself nie; alles is omtrent julle. (*Ons Joodse of Heidense agtergrond maak absoluut geen verskil. Ek gee nie om of ek stemme wen of verloor vir my bediening nie. Dit is hierdie goeie nuus boodskap wat my kommer en dringendheid is.)*

4:13 Van die eerste dag wat ek julle ontmoet het, het ek nooit ’n kompromis ten opsigte van die Evangelie aangegaan nie, selfs al het ek daardie tyd fisiese uitdagings gehad, het dit nie die aandag van die boodskap afgelei nie.

4:14 Onthou hoe gasvry en sensitief julle teenoor my was ten spyte van my verswakte toestand. In plaas daarvan om verleë of verstote te voel het julle my soos ’n hemelse boodskapper behandel; met dieselfde hoflikheid wat julle aan Christus Jesus sou bewys het.

4:15 Daardie tyd was julle so oorweldig met dankbaarheid teenoor my dat julle met graagte aan my sou gegee wat vir julle die mees kosbaarste is, selfs julle eie oë tot verligting van my ongemak. Watter sagmoedigheid en liefderikheid het julle nie aan my betoon nie.

4:16 Helaas. Hoe is dit moontlik dat dieselfde waarheid wat julle aan my verbind het julle nou in my vyand verander het?

4:17 Die mense wat my as julle vyand uitmaak doen dit tot julle nadeel: hulle is baie gretig om julle van my te isoleer, sodat julle ywer vir hulle Joodse sentiment ’n hupstoot aan hulle godsdienstige ego kan gee. *(Kan julle nie insien dat die Wet en sy volgelinge nie van julle hou vir wie julle is nie; hulle enigste begeerte is om hulself tevrede te stel.)*

4:18 Indien julle ywerig wil wees vir die beste moontlik saak, beywer julle vir genade. Julle flous julleself om goed vir my te wees in my teenwoordigheid maar agter my rug ywerig teenoor hulle. Dit gaan nie oor my nie, ek is besorg oor julle. Dit boodskap is die belangrikste saak, nie iemand se private agenda nie.

4:19 My liefling klein kindertjies, my besorgdheid oor julle is soos ’n moeder oor haar nuut-gebore baba. Ek het geboorte aan julle gegee deur my evangelie; nou voel ek dieselfde geboortepyne weer van vooraf. Ek vermoei my tot die volle besef van Christus binne julle 1gevorm word. *(Die woord 1 morfoō, beteken om te vorm, van meros, vorm of gedeelte; let daarop dat die woord sonde, hameros, om sonder vorm te wees of sonder jou toegelate gedeelte; metamorfoō, saam met vorm.)*

4:20 Ek verlang daarna om op hierdie oomblik by julle te wees; ek wil hê dat julle die dringendheid in my stem sal hoor. Ek wens ek kan julle oortuig dat die wet ’n doodloopstraat is. *(Enige van jou eie pogings om iets by te voeg by wat God reeds in jou vervolmaak het in Christus is ’n vermorsing van tyd. Dit is soos om die wiel weer uit te vind.)*

4:21 Aangesien julle so geboei is deur die wet, begryp asseblief ook die profetiese boodskap daarvan:

4:22 In die wet is die feit opgeteken dat Abraham twee seuns gehad het: een by ’n slavin, die ander by 'n vrye vrou.

4:23 Die een is geproduseer deur die vlees [die Doen Dit Jouself- boom], die ander deur geloof [die belofte].

4:24 Daar is ’n parallelle betekenis in die verhaal van die twee seuns: hulle verteenwoordig twee stelsels; werke en genade.

4:25 Sinai is ’n Arabiese rotsagtige berg vernoem na Hagar, [buite die land van belofte]. Die assosiasie daarvan met die wet van Moses weerspieël Jerusalem as die hoofstad van Joodse wettisisme. Hagar is die moeder van die wet van werke. [DDS-godsdiens]

(Sien Galasiërs 3:7 Die gevolgtrekking is duidelik; geloof en nie vlees nie bring ons in verband met Abraham. [Genade eerder as die wet is ons ware herkoms. Ismael verteenwoordig soveel meer as slegs Moslem godsdiens. Ismael verteenwoordig die lomp poging van die vlees om met geloof te kompeteer; die prediking van ’n gemengde boodskap van wet en genade.])

4:26 Maar die moeder van bo, die ware moeder van die mensdom is genade, die vry Jerusalem; sy is die moeder van die belofte.

GALASIËRS HOOFSTUK 4

4:27 Want dit is geskryf, Verheug jou, O kinderlose een. Jubel en juig. Jy wat geen geboortepyne geken het nie want jy gaan meer kinders hê as die een wat getroud is. *(Getroud met die wet; Jesaja 54:1; sien ook Romeine 7:1-6.)*
4:28 Ons is soos Isak: ons is gebore vanuit geloof; die belofte is ons ouer.
4:29 Net soos die kind van die vlees die kind van geloof vervolg, so teister die Jerusalem Jode in hulle Christelike verbloeming julle nou.
4:30 Maar die Skrif is duidelik: Verdryf die slaaf moeder en haar seun; die slaaf seun kan nie saam met die vry seun erf nie. *(Op presies dieselfde wyse raak in jou gedagtes radikaal ontslae van die slaafmoeder- en kind mentaliteit. Lig verdryf duisternis moeiteloos.)*
4:31 My Broers en Susters laat die besef wie se kinders ons is tot ons deurdring: ons is nie kinders van die slaaf moeder, die wet, nie maar kinders van die vry moeder; ons word uit genade gebore.

GALASIËRS HOOFSTUK 5

5:1 Christus definieer julle geloof; hy is julle vryheid van alles wat die wet julle nooit van kon bevry nie. Vind julle ferm vastrapplek in hierdie vryheid. Moenie toelaat dat godsdiens jou weer pootjie en weer inspan vir ’n stelsel van reëls en verpligtinge nie. *(In hierdie parallel verteenwoordig Christus Sarai, die geloofsmoeder wie deur die opstanding geboorte aan jou geskenk het. Die rotsgekapte graf verteenwoordig Sarai se dooie baarmoeder. 1 Petrus 1:3.)*
5:2 Ek, Paulus, is van mening, en julle kan my woorde aanhaal: Indien jy weer besnydenis sou oorweeg as noodsaaklik om jou stand voor God te verbeter, dan maak julle Christus tot geen relevansie aan julle nie. Dan kan julle hom net sowel geheel en al skrap van julle lewens. *(Deur steeds vas te klou aan enige Joodse sentiment soos onderhouding van die Sabbat, ens., het dieselfde effek.)*
5:3 Ek wil dit kategories stel, indien julle die besnydenis sou onderskryf as ’n weg tot geregtigheid, is julle onmiddellik verplig om die hele wet te onderhou. (*In vir 'n sent, in vir 'n pond.)*
5:4 Wet-geregtigheid deel niks met genade-geregtigheid nie; hulle is teenoorgesteldes. So onmoontlik soos dit is vir enigiemand om gelyktydig in twee teenoorgestelde rigtings te reis, net so ewe irrelevant word Christus vir enigiemand wie voortgaan om te streef na geregtigheid onder die wet.
5:5 Ons is oortuig in ons denke; daar is absoluut geen voordele vir enigeen om te streef na geregtigheid in die vlees nie; geregtigheid is ’n gees-dimensie realiteit en kan slegs deur geloof 1omhels word. Wat God glo is ons eksklusiewe verwysingspunt. *(Enige ander basis tot geregtigheid laat die mensdom hopeloos tekort skiet. Die woord, 1 apekdechomai word dikwels vertaal, om te wag vir; die komponente wys egter op 'n gunstige omhelsing; apo, van, ek vanuit, en dechomai om te verstaan, om gasvry te verwelkom, om te omhels.)*
5:6 God glo dat ons ten volle verteenwoordig is in Christus, wat die besnydenis of enige bydrae van die vlees uit die vergelyking uitwis. Liefde is die brandstof van geloof en bring geloof in beweging. *(Dit is maklik vir liefde om te glo. In Christus Jesus is nie besnydenis of onbesnedenheid van enige belang nie, maar geloof wat deur die liefde werk. RSV.)*
5:7 Julle het begin soos ’n atleet op ’n missie, wie het julle aandag afgelei? Julle het so heeltemal oortuig omtrent die waarheid voorgekom.
5:8 God is nie verward omtrent julle nie. Hy het julle na hom vernoem.
5:9 Dit is onmoontlik om die effek van die kleinste krieseltjie gis te verberg; die proses van fermentasie word onmiddellik geaktiveer. *(’n klein bietjie wettisisme maak ’n persoon se hele lewe korrup.)*
5:10 Ten spyte van die inmenging van daardie wet-liefhebbendes, bly ek oortuig van ons eensgesindheid in die Here. Dit maak nie saak watter hoëprofielposisie enigiemand mag beklee nie, moenie toelaat dat hul titel julle ontstel nie. Dieselfde wet wat hulle bevorder is hulle oordeel. *(Die fermentasieproses is onvermydelik wanneer jy plek gee aan 'n wettiese ingesteldheid.)*
5:11 Sou ek ’n kompromie ten opsigte van die boodskap van die kruis aangaan en besnydenis preek net om vervolging te vermy? Hoe kranksinnig sou dit wees? *(Dit hele saak handel daaroor of ons dink dat regverdigmaking die resultaat is van iets wat ons steeds moet doen, of dat ons weet dat dit die resultaat is van iets wat God klaar voltooi het.)*
5:12 Hierdie mense wie so gretig is om dinge af te sny behoort hulle wettiese invloed op julle lewens geheel en al af te kap.
5:13 Julle verloste identiteit definieer julle vryheid, my vriende. Maar vryheid beteken nie dat jy nou vry is om weer die wet in te span nie. Inteendeel, julle vryheid vind sy mees volledige uitdrukking in 'n liefde wat mekaar dien. So vry soos jy is van die wet, so verslaaf is julle nou aan die liefde wat mekaar dien. *(Julle is ten einde laaste vry om die lewe van julle oorspronklike ontwerp te leef.)*

GALASIËRS HOOFSTUK 5

5:14 Liefde voltooi alreeds die wet: hierdie is die grondfeit van die wet; om jou medemens gelykwaardig aan jouself te ag. *(Wat reeds herhaaldelik, weer en weer bewys was as heeltemal onmoontlik om te bereik deur van die DDS boombeginselgebruik te maak.)*
5:15 Die beste pogings onder die wettiese ingesteldheid het vroeër of later in twis ontaard: byttend word mekaar uitmekaar geskeur, verslind en misbruik. *(Dit word aaklig. Kyk hoe egskeiding liefdesdrome vernietig; Exodus-besigheidsvennote beveg mekaar in die howe; besin oor hoe waardeloos lewe word gedurende oorlogstye.)*
5:16 Ek sluit af: betrek jou gees om die dominante invloed in jou daaglikse verloop te wees en hou dop hoe dit nederlaag op nederlaag vir die drange van die vlees is. *(Gees word bevredig deur die wet van die liefde, die openbaring van genade; vlees begeer om homself te bewys en te bevredig deur die DDS wet. Geloof verslaan vlees.)*
5:17 So lank as wat die wet van werke steeds deur julle denke uiting vind, is dit ’n katalisator vir ’n ramp; julle word in die middel van ’n oorlogsone gevange gehou; julle wil graag die dinge doen wat die lewe van julle ontwerp binne julle eggo, maar vind die vlees in sterk weerstand teen die begeertes van die gees. *(Die twee bome, die vlees en die gees, verteenwoordig twee opponerende stelsels of magte van invloed, twee afsonderlike ingesteldhede; terwyl die boom van die lewe die innerlike lewe van ons ontwerp verteenwoordig, is die Ek- is-nie-boom, of wat ek die DDS-Boom noem nie die werklike jy nie. Net soos griep. Jy kan ’n gasheer wees vir die virus maar die griep is nie jy nie. Paulus vergelyk die vrugte van geregtigheid deur geloof wat deur die liefde werk teenoor die werke van die vlees en skuld prestasie gebaseerde verpligtinge, skuld en wilskrag. Sien Romeine 3:27, ook Romeine 7. Onthou, die oorlog is verby. Dit is reeds gewen.*
Betrek jou gedagtes met troonkamer realiteite. Kolossense 3:1-3. Jou oorwinning rus in die triomf van Jesus. Sien Efesiërs 6 en 2 Korinthiërs 10:3- 6 ook 2 Korintiërs 12:7-10 in die Spieël Bybel [Mirror Bible].) 5:18 Om 1 vertroud te wees met die aansporing van jou gees [geloof] is om vry te wees van die wet [van persoonlike prestasie.] (Die woord agesthe, van ago, is in die Teenwoordige Passiewe Tyd — voortdurende aansporing. Sien Galasiërs 3:3.)
5:19 Die tipiese lewenstyl waar 'n wettiese veroordelende houding heers is een waar seksuele sondes floreer. Enigiets is toelaatbaar: egbreuk, vuilheid en verregaande losbandigheid.
5:20 Dan is daar die aanbidding van ’n verwronge beeld van jouself, wat is waaroor afgodery gaan; dwelms, haat, konstante konflik, jaloesie, agterdog, gewelddadige uitbarstings van woede, elkeen vir homself in ’n moorddadige en mededingende wêreld, vertrapping van andere om bo uit te kom, onenigheid, kettery, en manipulering van mense se gedagtes met valse leringe. *(Die vleesis niejou laer natuur nie; dit is die vrugte van die Ek-is-nie boom stelsel; dit is ’n ingesteldheid wat beheer word deur 'n gevoel van gebrek en desperaat probeer om die lewe te leef deur pure wilskrag, onafhanklik van jou Bron.)*
5:21 Hierdie is so ’n hartseer beeld van ’n lewe vermors deur afgunstige selfbejammering, moord, bedwelmende dronkenskap, dronk losbandigheid en wellus, met al die rusies en jaloesie wat dit
ontsteek. Soos ek voorheen verklaar het: diegene wie hierdie tipe leefstyl handhaaf deel niks met die Koninkryk van God nie. *(Die gesag van die Christus-lewe staan die oorheersing van die vlees tee en bring dit tot ’n nederlaag.)*
5:22 Jou gees dra moeiteloos die ryk oes van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, integriteit, sagmoedigheid en selfbeheer; elkeen van hierdie onthul afsonderlik die onweerstaanbare a
Vrugte is die moeitelose, spontane uitdrukking van die karakter van die boom. Rus in die bewustheid en
versekering van wie jy werklik is.)
5:23 Wettisisme kan nie daarmee ooreenstem of dit weerspreek nie. Daar is geen wet teen liefde nie. *(Liefde kompeteer nie met die wet nie; liefde is buitensporig in sy uitstalling van die Christus-lewe.)*

GALASIËRS HOOFSTUK 5

5:24 Die wie verstaan dat hulle geregtigheid van Christus is en dat dit nie kom as 'n beloning vir hul vermoë om die wet te onderhou nie, het ontdek dat hulle vlees met sy dikterende invloed en wellustige begeerlikhede saam met Christus gekruisig was. *(Galasiërs 2:20; sien ook Galasiërs 5:18.)*

5:25 Omdat geloof ons definieer en nie die vlees nie, ontvang ons ons leiding van die gees in ons daaglikse gedrag. Daar is ’n gesag in ons stap; ons marsjeer in gelid soos soldate. (*Die Christus-lewe is die dominante gesag in die heelal.)*

5:26 Staak jullepogings om mekaar teprobeerbeïndruk. Diewet vanwerke verminder jou lewe tot afgunstige vergelyking en kleinlike kompetisie, terwyl liefde altyd slegs die voordeel van ’n ander soek. *(Dit beteken totale vryheid van enigeeksterne wet.)*

GALASIËRS HOOFSTUK 6

6:1 Broers en susters, indien dit lyk asof iemand in 1afwagting van hulle volgende 2mislukking leef [deur net te veel las te dra, sien vers 2], herstel so ’n persoon vanuit jou posisie van geloof met ’n gees van genade en hoflikheid maar hou terselfdertyd jou eie houding in toom; 'n wettiese benadering snuffel met voorbedagte rade in probleme.
(Die woord, prolambanō, beteken om te verwag, vooraf te neem; 2 paraptōma, ma, kom van para, naby, afkomstig van ’n sfeer van invloed, en piptō, beteken om hoogte te verloor, om te stol in vlug, om te misluk. Onthou jy verteenwoordig genade, nie die wet nie.)

6:2 Om die gewig van iemand se skouers af te laai is om die wet van Christus te vervul.
(Die boodskap van genade verwyder alle wetsverwante laste soos skuld, agterdog, minderwaardigheid, skaamte en 'n sondebewussyn.)

6:3 Enigeen wat hom verbeel om iets te wees wat hy nie is nie lewe ’n leuen.
(Die wetstelsel borg voorgee; genade onthul jou ware identiteit verlos in Christus.)

6:4 Nou, sonder die druk van pretensie, is julle vry om uitdrukking aan julle individuele self te gee sonder om een of ander bedrieglike lewe na te moet maak. Evalueer julle eie gedrag op so ’n wyse dat julle geeneen se goedkeuring benodig om julle vreugde te bekragtig nie.

6:5 Immers lei elkeen hul eie lewe.
(Selfs al deel ons ons lewens met mekaar.)

6:6 Beide studente en leraars trek vanuit dieselfde bron; hulle neem eweneens deel aan elke goeie ding. Die woord wat hulle bedien eggo ’n unieke resonansie binne elkeen.

6:7 Vertoon en voorgee kan God nie bedrieg nie. Moenie verdwaal en dan jou neus vir God optrek nie, asof hy die een is wat jou in die steek gelaat het. Die oes openbaar altyd die saad.

6:8 Die vlees kan nie met die gees meeding nie; net soos met Adam produseer die vrugte van die DDS boom steeds dood, terwyl geloof die geestesvrug van die lewe van die eeue, die Goddelike of God- tipe lewe produseer.

6:9 Elke goeie daad het ’n voorspelbare oes. Laat ons nie ontmoedig word gedurende die tussen-in tye nie.
(Maak seker dat jou goeie dade liefdesgedrewe is eerder as pligsgedrewe. Geloof werk deur liefde, plig deur wilskrag.)

6:10 Kom ons gebruik elke geleentheid om 'n seën vir almal wat ons ontmoet te wees, sonder om ons medegeloofsfamilie te verwaarloos.

6:11 Sodat julle die dringendheid in my stem kan hoor, gaan ek die volgende in my eie handskrif met groot letters skryf:

6:12 Diegene wat julle aanspoor om besny te word, probeer net om vervolging vir die kruis van Christus te vermy. Hulle verkies om gewild te wees onder hulle mede Joodse kollegas en sodoende water hulle die boodskap van die kruis af. Vir hulle is slegs die uiterlike teken van die vlees ter sake.

6:13 Dit is nie soseer die wet waaroor hulle besorg is nie, hulle wil net spog omtrent julle vlees, ’n teken dat hulle julle suksesvol gewerf het vir hul saak.

GALASIËRS HOOFSTUK 6

6:14 Mag my roem in niks anders wees nie as die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. Die godsdienstige stelsels en applous van hierdie wêreld het geen aantrekkingskrag vir my nie. Wat dit alles betref is ek soos ’n dooie persoon.

6:15 Die nuwe skepping in Christus steel die vertoning; nie of iemand besny is of nie.
(God het ons in Christus geassosieer; toe hy gesterf het, het ons gesterf, toe hy opgewek was, is ons saam met hom opgewek in ’n lewe wat oorloop van nuutheid.)

6:16 Ons eenheid met Christus bepaal die tempo en maak ons die ware Israel, nie of ons Jood of Heiden, besny of onbesny is nie. O, watter vrede ontdek ons nie in sy barmhartigheid nie! Hierdie reël is die nuwe wet waaraan ons onsself onderwerp as die beginsel van ons daaglikse lewenswandel.

6:17 Ek sal nie meer ontstel wees nie. Ek dra reeds genoeg letsels in my liggaam as handelsmerk dat ek onder die eienaarskap van Jesus is.
(Die littekens wat ek dra weens die vervolging van die goeie nuus Evangelie is vir my baie meer beduidend
as die litteken van besnydenis.)

6:18 Broers en susters, mag die openbaring van die genade van onse Here Jesus Christus die heerskappy van julle gees wees.